HOËRSKOOL RANDBURG

Spesifieke Oueromsendbrief nr. 03 van 2026

19 Januarie 2026

Geagte Ouer en Voog,

DRAMAKLERE

Dit is baie lekker om u kind in die Dramaklas te hê. Saam met u kind gaan ons daaraan werk om die standaard en etiek van Drama in Hoërskool Randburg op die hoogste moontlike vlak te hou.

Deel van daardie etiek sluit die kleredrag vir praktiese Dramaklasse en eksamens in. Ons het reeds met u kind in die klas oor die vereiste Dramadrag gepraat, maar wil u ook graag oor die vereistes inlig.

Dit is die gebruik dat Drama-opvoerings – waar daar nie van kostuums gebruik gemaak word nie – in swart klere gedoen word.

Vir die seuns vereis ons 'n swart langbroek en T-hemp met gepaste skoene (skoolskoene is reg) vir praktiese eksamens. Vir hulle praktiese klasse in die somer is hulle welkom om gemaklike, swart kortbroeke aan te trek.

Hoewel ons in vandag se tyd gewoond is aan meisies in langbroeke, het vrouens deur die eeue eintlik rokke gedra en dit is belangrik dat meisies (weer) leer om met 'n rok as kostuum te beweeg. Vir die praktiese eksamen vereis ons dus, waar nodig, dat die meisies swart "tights/leggings/ski-pants" met 'n t-hemp of "tank top"-hempie (wat alles mooi bedek) EN 'n lang/kuitlengte, wye, swart romp van 'n sagte materiaal sal aanskaf. Swart, plat skoene kan daarby gedra word, behalwe waar die karakters anders vereis. Vir die praktiese klasse – waar die dogters soms baie bewegings saam met die seuns moet doen - is dit verkieslik dat die rompe bo-oor die "leggings/tights/ski-pants" aangetrek word sodat die dogters behoorlik vir hulle prakties geklee is.

Hierdie klere sal in al drie jaar van hulle Drama-onderrig gebruik word. Die rompe sal selfs aan die einde van graad 12 aan die juniors verkoop kan word.

TEL: (011) 782 6226/7 • Malibongwerylaan 183, h/v Rabie en Malibongwerylaan, Fontainebleau •
E-POS: admin@hsrandburg.co.za • WEBWERF: www.hsrandburg.co.za

U is welkom om self 'n geskikte romp te maak. Vir die ouers wat, soos ek, nie kans sien om my hand aan naaldwerk te slaan nie, kan u mev. El-Marié Van Rooyen *Whatsapp* om vir u kind 'n rompie te maak (083 262 9741). U kan haar ook kontak indien u die rompie self wil maak en graag wil weet watter materiaal en patroon die geskikste sal wees.

Ek sal dit waardeer as ons op die laatste teen einde April almal eenvormig geklee kan wees.

Vriendelike Randjiegroete

M. Labuschagne
Drama-onderwyser

E. Gouws
Adjunk-hoof: Finansies

SKEURSTROKIE

My kind, ..., neem Dramatiese Kunste as vak.

Ek neem kennis van die skrywe aangaande die Dramaklere.	
Ek sal self my dogter se romp maak.	
Ek sal die romp bestel by mev. E van Rooyen.	

HANDTEKENING **DATUM**